**12 Maart** **Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20**
**Fokusgedeelte:Matteus 28:19**

1.3 HK, VRAAG 71

**Doop hulle in die Naam van die drie-enige God**

Die Jode het baie lank voordat Jesus die Christelike doop ingestel het heidene met die sogenaamde proselietedoop gedoop as hulle die Joodse geloof aanvaar. Die doop van Johannes het nou hierby aangesluit en was ’n simboliese handeling wat berou en hernude toewyding aan God uitgebeeld het (Matt 3:8). Jesus Christus beveel die apostels om van mense dissipels te maak en hulle te doop. Dié doop is iets nuuts. Dit is ’n teken en seël van die nuwe verbond wat God met sy kinders sluit (Heb 8:13). As Jesus die opdrag gee om te doop, gee Hy aan die doop ’n nuwe inhoud wat die verlossingswerk van God met sy kinders in sy geheel omspan. Kragtens dié verbond wat God met ons gesluit het kan ons aanspraak maak op die genadige bemoeienis van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die Vader kies uit sonder dat ons dit verdien (Rom 9:13), Hy bewaar en versorg ons (Hand 17:28). Deur die bloed van sy Seun, Jesus Christus is ons verlos en is ons oortredinge vergewe. Ons het deel geword van die volk van God (Ef 1:7, 11). Hy regeer oor ons as die almagtige Koning (Matt 28:18). Ons is deur die Heilige Gees as eiendom van God beseël (Ef 1:13). Omdat ons vervul is met die Heilige Gees is ons in staat om ’n heerlike nuwe lewe te lei (Gal 5:25). Dit wat ons van nature was, en wat ons nou is, verskil hemelsbreed van mekaar.

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*

~~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~~